Ontwikkelende Dagsorgsentrums:

Indien meer as 6 kinders daagliks deur iemand anders as die ouers of die wettige versorgers versorg word, moet hierdie diens in gevolge die Kinderwet (Wet 38 2005) geregistreer word. Alhoewel dit statutêr die vereiste is, is daar egter dagsorgsentrums wat pas begin en nog in ‘n proses van ontwikkeling is, of wat reeds aansoek gedoen het om geregistreer te word, maar nog nie aan al die vereistes voldoen nie.

Hierdie ontwikkelende dagssorgsentrums speel in baie arm gemeenskappe ‘n belangrike rol om te verseker dat kinders wat andersinds onversorg sou wees, nie net basiese versorging kry nie, maar ook blootgestel word aan noodsaaklike ontwikkelingsprogramme. Aangesien hierdie ontwikkelende sentrums dikwels in baie arm gemeenskappe funksioneer en nie staatsubsidie ontvang nie, is hierdie sentrums gewoonlik afhanklik van donateurs en vennootskappe.

Gemeentes wat betrokke wil raak by vroeë kindontwikkeling word aangeraai om ondersoek in te stel of daar in hulle gemeenskappe sulke ontwikkelende dagsorgsentrums is en dan daarby betrokke te raak. Dit is egter belangrik dat die verwagte uitkoms van sodanige betrokkenheid altyd sal wees om die sentrum te ondersteun sodat registrasie kan plaasvind. ‘n Verdere uitkoms behoort te wees om die volhoubaarheid van die sentrum te verseker.

Die behoeftes van ontwikkelende dagsorgsentrums is dikwels:

- Goeie bestuurstelsels
- Voedsel
- Behoorlike salarisse vir versorgers/opvoeders
- Voldoende opleiding van versorgers/opvoeders
- Voldoende opvoedkundige apparate
- Toepaslike duursame speelgoed.

- *Norme en standaarde vir registrasie*
- *Lys van Opvoedkundige apparate*